



Laerskool Queenswood

Omsendbrief 34
19 Oktober 2011

Geagte Ouers en Voogde



PERSONEEL VERJAAR:

Baie geluk aan twee van ons personeellede, mev. Lien McKay wat Donderdag 3 November 2011 en mev. Cória Ludick wat op 6 November 2011 verjaar het. Ons wens hierdie twee dames 'n voorspoedige nuwe lewensjaar toe.

EINDEKSAMEN:

Die senior eksamen vir graad 4 tot 7 leerders vir die einde van die jaar begin op 14 November 2011. Volgens Departementele reëls moet leerders elke dag teenwoordig wees. Skool kom om 12:00 uit. Daar sal 'n wagklas vir leerders, wie se ouers hulle nie vroeër kan kom haal, in die saal tot 13:00 wees. Naskoolleerders gaan om 12:00 na die naskool.

EKSAMENROOSTER:

Hier volg die dae waarop verskillende vakke geskryf word.

14 November 2010	Sosiale Wetenskap
16 November 2010	Afrikaans
18 November 2010	Wiskunde
21 November 2010	Tegnologie
23 November 2010	Engels
25 November 2010	Kuns en Kultuur
28 November 2010	Natuurwetenskap
30 November 2010	Lewensoriëntering
01 Desember 2010	EBW



AFHAAL VAN LEERDERS:

Leerders wat sonder toesig staan en wag vir hulle ouers, word na die wagklas teruggestuur. U kind se veiligheid is vir ons baie belangrik. Kom haal gerus u kind in die saal waar die wagklas plaasvind.

MY SCHOOL-KAARTE:

Die "My School Program", vorm deel van ons fondsinsameling by die skool. Met alle aankope by Woolworths en ander deelnemende handelaars, waar u as ouer u "My School-kaart" gebruik, kom 'n persentasie van die bedrag wat u spandeer terug na die skool.

Ons wil graag van die geleentheid gebruik maak om die ouers wat getroue gebruikers van die My School kaart is, te bedank vir u lojaliteit aan die skool in hierdie verband.

Ons herinner ook al die ouers om tydens u aankope in die vakansie en besonder in die feesseisoen te onthou om die kaart te gebruik. Let ook op dat u op uitgesoekte artikels en produkte by Woolworths 10% afslag kry, wanneer u, u My School-kaart gebruik. Indien u nog nie 'n kaart het nie, doen aansoek by die kantoor.

AVONTUUR VIR JESUS KAMP:

Avontuur vir Jesus Jeugkamp: 12 - 15 desember 2011

'n Christelike jeug kamp met hope avontuur in die bos!

Lesings: Drankmisbruik, boelies, musiek, fliëks, dwelms, seksuele reinheid, ouergesag.

Boeresport, fear factor, lantern bekruipe, konsert, kampvuur ens.

Punte van belang:

Personeel verjaar

Eksamen

Eksamenrooster

Afhaal van leerders

My School-kaarte

Avontuur vir Jesus kamp

Prys R450 p/p. Ouderdomme 8 - 16 jaar www.avontuurvirjesus.co.za

Kontak Desiré Botes 0828210497 / E-pos kobus@gasathome.co.za

SOKKIE:

Sokkie, Vrydag, 11 November 2011 vanaf 18:00 tot 20:30. R35.00 (toegang, "doughnut", koeldrank en roomys). Daar gaan ook foto's geneem word @ R10.00 per foto! Kom ontspan, vir oulaas, voor die eksamen begin!

ATLETIEKOEFFENTY:

Vanaf 14 November tot 28 November 2011 - Langafstand en naellope, van 12:00 tot 12:45!

Oefenprogramme sal uitgedeel word einde November vir die vakansie!

SENSUSOPNAME:

Elke ouer in die skool het op 8 November 2011 'n skrywe vanaf die skool in bogenoemde verband ontvang. Dit is noodsaaklik dat u die skeurstokie sal voltooi en terugstuur na die skool nie later as 10 November 2011 nie.

SKOOLGELD:

Skoolgeld vir 2012 beloop R6,930.00 per leerder per jaar.

- Betalingsopsies:
1. 'n Eenmalige betaling van R6,930.00 teen 31 Januarie 2012.
 2. Eerste betaling van R630.00 betaalbaar teen 7 Januarie 2012 en verdere maandelikse betalings van R630.00 vanaf einde Januarie 2012 tot einde Oktober 2012.

GESONDHEIDSGEDAGTE VIR DIE WEEK:

Suiker(vervolg)

Ons het verlede week vinnig gekyk na bygevoegde of versteekte suikers in geprosesseerde en verfynde voedselsoorte. Hierdie week gee ek 'n paar idees hoe om jou en jou kinders se suiker inname te verlaag:

1. Verminder of halfveer die inname van **geprosesseerde** voedsel soorte soos: stroop, koekies, chips, lekkers, "crackers" en bokspappe.
2. Verhoog die inname van **ongeprosesseerde** voedsel soorte soos: neute, sade, bone, vrugte, gedroogte vrugte(sonder bygevoegde suiker!), rou groentes en volgraan produkte. Gebruik ook hierdie kosse as snoeperye tussen etes.
3. Drink gefilterde of mineraal water in plaas van gaskoeldrank of kunsmatig versoete drankies.

Ek groet julle met hierdie laaste gesondheids gedagte vir 2011. Dankie ook aan Nani met haar hulp om ons snoepie met gesonder voorraad aan te vul. Groete, *NutriBotes*, Marelie Winterbach, Voedingsadviseur/
Nutritional Advisor, 083-360 4449 / 012-333 7351.

Vriendelike groete



.....
R. LUDICK
PRINSIPAAL

Punte van belang:

Sokkie

Atletiekoeffentye

Sensusopname

Skoolgeld

Gesondheidsgedagte